LIGDRAERS VAN GOD

MIDWEEK

Nuusbrief van NG Nelspruit-Suid

013 – 744 1925

Beste Lidmaat,

Sondag, 1 Oktober 2023 – Shema
Skriflesing uit Deuteronomium 6:1-25

Jode verwys na verse 4-9 as die “Shema”, wat beteken,“hoor/luister”, die eerste woord waarmee vers 4 begin. Die Shema is die Joodsebelydenis waarmee die sinagoge elke keer geopen word en dit word twee keer 'ndag opgesê deur toegewyde Jode. Hierdie teksgedeelte is in die voorpunt vanhulle gedagtes. A.g.v. die konstante versterking, het dit 'n diepgaande effekop Judaïsme.

Die Bybel probeer ons leer dat ons 'n gebalanseerde dieetvan instruksie/onderrig aan ons kinders moet gee. Ons moet doelbewus wees entyd maak om ons kinders die essensiële waarhede oor God en sy woord te leer. Enons moet seker maak dat daardie waarhede in ons lewens uitgeleef word. Invandag se teksgedeelte, word ons opgeroep, as ouers, om ons kinders te leer,oor God, deur ons woorde en dade.

Ons kan nie ons kinders isoleer van die effekte van 'nverdorwe wêreld kultuur nie. So, wat kan ons doen? Hoe kan ons Bybelse konseptevan reg en regverdig, waarheid en moraliteit by ons kinders tuis bring? Dieantwoord is in die Woord van God, in die model wat Hy vir Israel gegee het vanhoe hulle hulle kinders in die waarheid moet leer.

Hierdie model bevat 3 stappe:

#1 Bou 'n verhouding. Omhierdie Bybelse waardes oor te dra aan ons kinders, vra vir 'n gesondeverhouding. Vers 7 sê: “Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroorpraat as jy in jou huis is en as jy op pas is, as jy gaan slaap en as jyopstaan”. Natuurlik ontstaan die vraag: Hoe kan ek my kinders die dinge van dieHere leer, as ek nooit tyd saam met hulle spandeer nie? 'n Groot deel van dieprobleem in ons huise en samelewing is die resultaat van gebroke verhoudings.

Ons kan nie waarheid dra, as ons nie in eerlike,betekenisvolle verhoudings is nie. Ons moet ywerig ons kinders leer, of onssit, staan, gaan slaap, opstaan. M.a.w., God verwag van ons dat ons sy waarhedeaan ons kinders sal leer met elke interaksie wat ons met hulle het. Bybelsewaarhede en Goddelike waardes word die beste verstaan in 'n konteks van 'nverhouding.

#2 Die tweede stap in die proses is om 'n voorbeeld tewees vir jou kinders. Deut. 6:5-6 leer ons: “Daarom moet jy die Here jou Godliefhê met hart, en siel, met al jou krag. Hierdie gebooie wat ek jou vandaggegee het, moet in jou gedagtes/hart bly”. Ouers of jy dit nou weet of nie weetnie, jy word dop gehou! En die dinge waarvan jy 'n voorbeeld is, kommunikeer op'n kragtige manier jou oortuigings van reg en verkeerd, van moraliteit enimmoraliteit.

As jy wil hê jou kinders moet Bybelse waardes nastreef,dan moet jy self dit ook nastreef en uitleef. God se woord moet in ons hartewees, voordat ons dit kan benadruk op die harte en gedagtes van ons kinders.Ons moet self glo in dit wat ons wil hê ons kinders moet glo. Jou kind/kinderssal in 'n verhouding met God leef as hulle daardie voorbeeld by jou as ouerskry.

#3 Deel die waarheid! Om waardes oor te gee/dra aan onskinders behels instruksie/opdrag. Om Bybelse waardes aan ons kinders oor tedra, vereis 'n toewyding/commitment om ons kinders, konstant, herhaaldelik enmet elke geleentheid te leer, dat daar is 'n standaard van reg en verkeerd watverhewe is bo menslike idees en opinies.

Heel belangrik ek wil hê dat my kinders moet die waarheidverstaan dat God is die bron van alle waarheid. Moses het gesê: “Hy is dieRots, sy werk is volmaak, alles wat Hy doen, is regverdig. Hy is die getroueGod, sonder onreg, Hy is regverdig en betroubaar” (Deut. 32:4). Julle sien ditis God se natuur en karakter wat die waarheid definieer. Hy definieer wat isreg vir alle mense, vir alle tye en vir alle plekke. Waarheid is nie iets watGod besluit dit is nie, dit is God self.

Ek wil nie hê my kinders moet die fout maak om self teprobeer bepaal wat is reg en verkeerd volgens hulle eie idees nie, ek wil hêhulle moet verstaan dat die basis van alles wat ons moreel noem, die bron vanalles wat goed is, is die ewige God, wat buite ons, oor ons is. Israel en hullenageslagte word (en moes mekaar) herinner aan God se gebooie, sy almag, syverlossing en sy belofte.

Dit vind ook aanslag in die Nuwe Testamentiese verbondvan die sakramente van Doop en Nagmaal.Soos wat Israel hulle godsdienstig rituele (soos besnydenis) en mondelingse tradisiesmoes oordra aan hulle toekoms geslagte, net so word dit van ons verwag. Hierbygesê, dit beteken nie om hulle net te leer en te onderrig daarin in term vanwoord nie, maar ook in die sakrament dit self. Deut. 6:8-9 wys ons dat onsgeloof 'n sigbare herinneringsteken moet wees orals waar ons gaan.

Gebed: Here mag ons daagliks gehoorsaam na luister. Amen.

Vir verdere studie:

- Waarom het Moses vir Israel hierdie wet,voorskrifte en bepalings gegee?
- Wat is hierdie wet en voorskrifte enbepalings?
- Hoe kan 'n mens voorspoedig wees volgensvers 3?
- Shema beteken om te luister, omgehoorsaam ag te slaan op wat die Here sê. Waaraan moet ons gehoorsaam wees inverse 4-9?
- Wat leer dit vir ons oor ons rol enverantwoordelikheid as gelowige ouers teenoor ons kinders?
- Wat is die uitdagings vandag wat ditmoeilik maak vir ons om geloof en morele waardes aan ons kinders oor te dra?
- Hoe/wat kan ons doen om geloofswaardesaan ons kinders oor te dra?

Vir volledige videoboodskap oor die tema, **klik hier.**

Knie-aksie

Bid asb vir lidmate wat ongesteld is, herstel na operasies of tans in die hospitaal is:

Willem Burger
Karin Cilliers
Maritz Vermaak
Elsie Janse Van Rensburg
Hester Vermeulen

Donderdag 5 Oktober	10:00	Geen Rubicon Bybelstudie weens skoolvakansie
	18:00	Delf in die Woord in die konsistorie Kerkkantoor 013 744 1925
Vrydag 6 Oktober	11:00	Roudiens van wyle Annatjie Fourie in die kerk.
Sondag 8 Oktober	08:30	Erediens en Doop. Geen Kinder- en Kleuterkerk of Jeugdiens.
	18:00	Woordstudie in die konsistorie Chris Mostert 082 555 1946
Maandag 9 Oktober	10:00	Geen Bateleur Bybelstudie weens skoolvakansie.
Dinsdag 10 Oktober	10:00	Naomi (Senior) Kuier - Susan v Huyssteen 084 964 2847
	18:00	Mannegroep in die lapa – Ds Louis Pienaar 082 878 1743
Woensdag 11 Oktober	06:00	Broodbreek in die konsistorie Kerkkantoor 013 744 1925
	10:00	Bybelstudie in die Koinonia – Dr Jean Strydom 083 572 4886

Die Bybelstudie is beskikbaar op YouTube, **Klik hier vir video**.

Verjaarsdae 75jaar en ouer

Baie geluk aan...

Oktober

5de Joey Du Plooy
7de Ina Eksteen
8ste Herman vd Westhuizen
11de Willy Wilken
12de Rika Viljoen

Huweliksherdenkings

Oktobermaand

8ste Babs & Stienie Steyl - 57jr

Kaartjies is slegs vir vertoning beskikbaar; ongelukkig is alle ete-kaartjies reeds uitverkoop. Bespreek gerus vir die vertoning!

Lidmate wat by dienste lewer:

Algemene Praktisyn: City Health, Henshallstraat 21, Winkel 6B. Woensdae R350 konsultasiefooi vir pensionarisse. Dr Sentene Goosen by 078 389 2444.

Verkoop of koop van u eiendom: Skakel Miemie Ferreira by 0834682058

Verskaf en vervang rou riempies: Skakel Dewald 082 680 5806.

Glasfit. Alle motor en huis glas, Windskerm-*chip repairs*, *Motor Smash and Grab* tint, Huis Tint, Xpanda sekuriteits produkte, alle motor rubbers en *clips*. Sekelbos en Hardekool braaihout Skakel Henri 082 551 7779.

Windskerms & Ruite: Vervang en herstel. Skakel Maritha Snyman by 084 589 0620

Algemene Instandhouding en Onderhoud : Skakel Hennie Venter by 082 927 3638

Shekaina Design & Landscaping: Skakel Hennie Venter by 082 927 3638.

Lost Trail Gastehuis: Skakel Annelize by 082 462 5548

Benodig jy hulp met klein takies? Gerald Visser help graag. Skakel hom by 072 313 5640

CM on the go Accounting and HR Services: Payroll, boekhouding, CIPC, persoonlike- en besigheidsbelasting, ens. Skakel Charmain Mitchell 082 493 3557

ITNS: Rekenaar herstelwerk, harde- & sagteware, opgraderings, network ontwerp, hoofrekenaar installering en onderhoud, virus verwydering, ens. Skakel vir Pieter Van Den Bergh by 0824509452

Organiese groente-aanvulling: Bou jou immuunstelsel met organiese groente- poeiers, kry leiding in goeie eetgewoontes. Yolanda De Villiers by 082 819 6977

GoFocus Learning Centre: Remediërende hulp aan leerders met disleksie, ADD, ADHD. Lees, begrip, spelling, handskrif ens. Ontwikkel deur disleksie spesialis. Kontak Freda Grobler by 0824151508

Tyres & More: Bande, nitrogen, remme, skokbrekers, batterye, diens van voertuie uit waarborg, suspensie parte ens. H/v Emnotweni & Madiba Rylaan. Kontak vir Charles Bodemer by 013 752 4388

Werksgeleentheid:

Carpenter met ondervinding in aanmekaar sit en installering van kombuiskaste. Stuur epos aan info@stellioprojects.co.za.

Enkellopende dame soek 'n een- of tweeslaapkamer tuinwoonstel / meenthuis of woonstel om te huur vanaf 1 Des 2023 / Jan 2024. R7 000 per maand. (Water en krag uitgesluit) Sy is ook vertroud met huis oppas en diere versorg en sal bereid wees om na eienaar se eiendom en diere om te sien in hul afwesigheid. Skakel Amelia Lombard by 082 567 7916.

SUID Onderlinge Sorg

Seën vir die week!

Vriendelike groete,
Jean, Louis en Gerrit